e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

1 Desember 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 41

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Aarde wat sug en kla

***Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis... die voëls... die diere..."* (Genesis 1: 26)**

Op 31 Oktober 2011 het die wêreldbevolking op 7 miljard mense te staan gekom. Daar word voorspel dat dit teen 2050 op 9,3 miljard sal staan. Sou die projeksie realiseer, beteken dit dat die wêreldbevolking sedert 1950 met meer as 6,7 miljard mense in 'n eeu toegeneem het. Die druk wat hierdie bevolkingsaanwas op die aarde se hulpbronne plaas, is enorm. Wat gaan van God se aarde met al die lewende wesens daarop word?

Tans is dit inderdaad 'n aarde wat sug en kla soos nooit tevore nie. Die rede is te vind in dreigende ekologiese rampe soos klimaatsverandering, osoonvermindering, lugbesoedeling, varswatertekorte, kern- en ander giftige afval, die storting van munisipale afval, die besoedeling van rivierstelsels, ontbossing, die uitbreiding van woestyne en die inkrimping van biodiversiteit.

In Suid-Afrika is hierdie ekologiese probleme ewe akuut. Daarby is ons pynlik bewus van die renosterstropery met die onlangse getal van 366 renosters wat net in 2011 doodgemaak is vir hul horings. Gaan ons nageslag in die afsienbare toekoms renosters net nog kan sien op foto's, DVD's en in museums omdat die laastes van kant gemaak is as gevolg van sieklike bygeloof en hebsug? Is hebsug en eie bevoordeling dalk die rede hoekom Suid-Afrika steeds voortgaan om steenkoolkragstasies op te rig, ten spyte van die uitwerking op aardverwarming?

Dit is teen hierdie agtergrond dat ons die COP 17-beraad in Durban van 28 November tot 9 Desember moet beoordeel. Dit is die 17de *Conference of the Parties* (COP 17) wat deel uitmaak van die Verenigde Nasies se konvensie oor klimaatsverandering. Die koolstofvoetspoor wat die 15 000 afgevaardigdes uit 192 lande gaan laat, kan ons hulle gerus maar vergewe as hierdie beraad die verlangde vrugte gaan afwerp. Die tyd vir lippediens en retoriek is verby. Dit is nou tyd vir onverskrokke leierskap en drastiese stappe wat in alle lae van die samelewing dwarsoor die aardbol geïmplementeer moet word.

Die kerk sal toenemend betrokke moet raak by die ekologiese krisis sonder om die evangelie te verwaarloos of te verskraal. Die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus bly immers die kerk se primêre opdrag. Naas die verkondiging van die evangelie, kan die kerk ook 'n uitnemende rol vertolk in die morele vorming van lidmate en veral jongmense ten opsigte van die groter wordende ekologiese krisis. Dit gaan om meer as net enkele eredienste wat gedurende Koninkryktyd aan die bewaring van God se skepping afgestaan word. Ons kan 'n verskil maak deur die verskillende belangegroepe in die gemeente te mobiliseer om by allerlei ekologiese projekte in die gemeenskap betrokke te raak. Dit kan enigiets wees, soos betrokkenheid by opvoeding in die gemeenskap, hersirkulering, opruimingsaksies, boomplantdae en vele ander verdienstelike aksies waarvan ons bewus word.

Terwyl die COP 17-beraad handel oor klimaatsverandering, kan opnuut kennis geneem word van 'n wonderplant, die spekboom (*Portulacaria afra*). 'n Hektaar spekbome kan 4,2 ton koolstofdioksied per jaar uit die lug onttrek. Daar is gemeentes wat reeds inisiatief neem deur spekbome op die kerkterrein aan te plant. Klein spekboompies in potte (uitstekend as binnenshuise bonsais) word met spesiale geleenthede uitgedeel om 'n groter bewussyn te kweek en medewerking te bevorder. Dalk is daar 'n stukkie simboliek in te lees. Soos wat spekbome die lug suiwer van 'n oormaat skadelike koolstofdioksied, behoort Christene in alle verhoudinge, ook in hul verhouding tot die skepping, suiwerend en hoopgewend op te tree.

Dr André Ungerer

*** Hierdie is die **laaste *e-Hervormer*** van vanjaar. Die **eerste uitgawe van 2012** verskyn op **Donderdag 12 Januarie**. Ons wens al ons lesers 'n rustige en geseënde Kerstyd toe.

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds André Oberholzer



Ds Johan Bezuidenhout



Dr Hein Delport en ds Mariaan Delport

Beroep ontvang

- **Ds André Oberholzer** (beroepafwagtend) na Harrismith (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Ds Johan Bezuidenhout** van Rustenburg Jac van Belkum na Ermelo-Suid

Beroep bedank

- **Dr Hein Delport** van Krugersdorp na die Kuruman-kombinasie
- **Ds Mariaan Delport** van Sionspoort na die Kuruman-kombinasie

Vakante standplase

- **Gemeente Vaalharts** in Hartswater (Noord-Kaap) se **volsorgstandplaas** is vanaf 1 Desember 2011 vakant. Die lidmaattal is ongeveer 325 (ongeveer 263 belydendes), en die gemeente het tans ook ’n samewerkingsooreenkoms met Gemeente Christiana. Belangstellende predikante kan ’n CV stuur aan die skriba, oudl Gerrit Staats, by **geram@vharts.co.za**. Kontak oudl Staats by 053 474 0597 of 082 414 9643 vir meer inligting. Die Kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers ’n beroep uit te bring nie. Predikante wat intussen **preekbeurte** in die gemeente kan waarneem, kan oudl Staats ook kontak.

- Die gekombineerde gemeente **Belfast/Waterval Boven** beskik oor ’n vakante **volsorgstandplaas**. Die gesamentlike lidmaattal is ongeveer 300 belydende lidmate, en die bedieningsarea sluit Belfast, Machadodorp en Waterval Boven in. Navrae kan aan die skriba van die kombinasie, oudl Anita Booyse, gerig word, en belangstellendes kan ’n CV aan die skriba e-pos by **anitabooyse@gmail.com** of faks na 086 547 0067. Die Kerkraad is nie verplig om uit dié groep ’n aansoek uit te bring nie. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **31 Desember 2011**. Predikante wat intussen **preekbeurte** in die gemeente kan waarneem, kan oudl Booyse ook kontak.

- **Gemeente Onverwacht** beskik oor ’n **vakante deeltydse standplaas.** Die standplaas behels die bediening van lidmate in die gemeente asook lidmate van die interkerklike Gereformeerde Kerk in **Francistown**. Die kandidaat sal twee weke in Gemeente Onverwacht werk en twee weke in Francistown, ongeveer 400 km van Onverwacht af in Botswana.

  Gemeente **Onverwacht** is ’n groeiende plattelandse gemeente in die Bosveld, met ’n sterk industriële gemeenskap. Daar word heelwat uitbreidings in die gemeenskap verwag met die nuwe kragstasie wat in aanbou is. Onverwacht is deel van die ring van Potgietersrus. Die gemeente het in Februarie 2011 uit ± 650 lidmate bestaan waarvan 406 belydende lidmate is. Ds Coenraad Strydom is tans die voltydse predikant.

  Gemeente **Francistown** is ’n uitgestrekte semi-stedelike gemeente met ongeveer 90 Afrikaanssprekende gesinne. Die lidmate is met werkskontrakte en op permanente basis in Botswana.

Vir die voorgeskrewe aansoekvorm en ander inligting, kontak Hanlie Thirion by die gemeentelike kerkkantoor by 014 763 4944 (voor 13:00) of per e-pos by **admin@onverwachtgemeente.co.za**, of ds Coenraad Strydom by 084 506 1917, 014 763 2595 of **coenstrydom@lantic.net**. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **15 Desember 2011.**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet voortaan aan die Sekretaris vir SENTIK gestuur word, en nie langer aan die Sekretaris van die Kommissie van die AKV nie. Stuur inligting aan dr Wouter van Wyk by **wouter@nhk.co.za**, of skakel hom by 082 339 2332.

Ds Pieter Pretorius en dr Koos Engelbrecht

- **Dr Christo van der Merwe** van Gemeente Kempton Park-Oos **se vader** is in die ouderdom van 94 jaar oorlede. Ons innige simpatie gaan aan dr Van der Merwe en sy familie.

- **Ds Nico en mev Henriëtta Brayshaw** het op Vrydag 25 November hul **50ste huweliksherdenking** gevier. Baie geluk aan die egpaar!

- Op Sondag 27 November het **ds Pieter Pretorius emeritaat** aanvaar in Gemeente Zesfontein. Dr Koos Engelbrecht het namens die Kommissie van die AKV die akte van emeritaat oorhandig. Ons wens ds Pretorius en sy vrou, Jeanette, 'n geseënde rustyd toe.

- Die volgende predikante aanvaar op die genoemde datums **emeritaat**:
  - **Dr Barry van Wyk** op 30 November 2011.
  - **Ds Pieter Pretorius** op 30 November 2011.
  - **Prof Theuns Dreyer** op 31 Desember 2011.
  - **Ds Willem Slabbert** op 31 Januarie 2012.

- Die Kommissie van die AKV het toestemming verleen dat die volgende predikante as **pastorale hulp en/of met 'n werkooreenkoms** by die genoemde gemeentes betrokke kan wees:
  - **Dr Barry van Wyk** by **Gemeente Waterberg**; die gemeente kry drie maande uitstel vir beroepswerksaamhede.
  - **Ds Willem Slabbert** vir verdere 12 maande by **Gemeente Pretoria-Noord**.
  - **Prof John Gericke** vir verdere 12 maande by **Gemeente Setlaars**.
  - **Ds Piet Botha** vir verdere 12 maande by **Gemeente Klerksdorp**.
  - **Prof Bieks Beukes** vir verdere 12 maande by **Gemeente Durban-Suid**.
  - **Ds Louis Steyn** van 1 November 2011 tot 31 Oktober 2012 by **Gemeente Middelburg**.
  - **Dr Frikkie Labuschagne** se werkooreenkoms met **Gemeente Rooihuiskraal** van 1 Oktober 2011 tot 31 Maart 2012 is in beginsel goedgekeur. Die gemeente moet die ooreenkoms afhandel in oorleg met die Ringskommissie.

- Die volgende predikante is uit die amp **onthef of het van lewenstaat verander**:
  - **Ds Fanie Hoffman** is onthef met onmiddellike effek.
  - **Ds Klaas Koning** is onthef met onmiddellike effek.
  - **Ds Gert van der Merwe** is vir ses maande van alle ampsvoorregte onthef met onmiddellike effek.
  - **Ds Debrah Lotter** se aansoek om van lewenstaat te verander, is met onmiddellike effek goedgekeur.

- Die volgende gemeentes het ook **uitstel gekry met hul beroepswerksaamhede**, en in enkele gevalle is **standplase opgehef**:
  - **Gemeente Vanderbijlpark-Oos** vir drie maande, waarna 'n verslag in oorleg met die Ringskommissie aan die Kommissie beskikbaar gestel moet word.
  - **Gemeente Hartebeeshoek** tot 31 Januarie 2012; die opheffing van een standplaas is ook goedgekeur.

- Die deeltydse standplaas van **Gemeente Bronkhorstspruit** is opgehef.
- **Gemeente Magaliesburg** se volsorgstandplaas is gewysig na deeltydse versorging.
- **Die kombinasie Eikenhof/Johannesburg-Suid** se volsorgstandplaas is na deelsorg gewysig.

- **Gemeente Magaliesmoot** benodig die dienste van **'n orrelis** wat die begeleiding tydens oggenddienste kan waarneem. Diensaanvaarding 1 Desember 2011. Die gemeente is geleë tussen Pretoria en die Hartbeespoortdam. Kontak ds David Barnard by 083 441 1789.

- **Gemeente Hartebeeshoek** het **'n linne-binnedeur**, 12,2 m x 3,5 m hoogte, gratis beskikbaar vir enige sustersgemeente. Dit is voorheen gebruik as afskorting tussen die kerk en saal en is intussen vervang met glasdeure. Belangstellendes sal self verantwoordelik wees vir die vervoer en herinstallering daarvan. Kontak oudl Abie de Beer by 012 549 2448, 083 417 8007 of **abiedebeer@absamail.co.za**.

- **Gemeente Vryburg** het boeke afgeskryf en stel dit **gratis** beskikbaar. Kontak ds Jasper van der Westhuizen by **jpcvdw@lantic.net** vir meer besonderhede.

- Die gemeente met die meeste intekeninge op *Konteks*, Gemeente Pretoria-Oos, **het hul prys van 'n gratis webblad**, ontwerp deur Delitech IT Solutions (**www.delitech.co.za**), aan die gemeente met die tweede meeste intekeninge, Wonderboom, afgestaan. Baie geluk!



- Verskeie gemeentes het nog nie hul besendings van die **2012 *Almanak/Bybelse Dagboek*** by die Sinodale Kerkkantoor afgehaal nie. SENTIK sal uiteindelik genoodsaak wees om die pakkies te pos en die posgeld by die prys van die publikasies te voeg. Kontak mev Susann van Zyl dringend by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za** om reëlings vir u gemeente en/of ring te tref. Onthou dat gebruikers van die *Bybelse Dagboek* immers van 1 Januarie af die *Dagboek* wil lees!

- Enige **gesiggestremde** wat graag **'n Braille-kopie** van die **2012 *Bybelse Dagboek*** wil hê, moet dit dringend **voor die einde van volgende week (9 Desember)** by dr Wouter van Wyk bestel, by 082 339 2332, faks 086 544 9235, of **wouter@nhk.co.za**. Die finale koste is onseker (afhangende van die hoeveelheid), maar dit behoort ongeveer R700 per kopie te kos. Lidmate en gemeentes wat gesiggestremdes se *Bybelse Dagboek* wil borg, kan dr Van Wyk ook kontak om reëlings te tref. Sulke hulp (watter Kersgeskenk!) sal baie waardeer word.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)** van 2012 vind plaas op 5 en 6 Junie, en op 6 en 7 November. Die tema is *Missionale Diakonaat. Saam in diens met verstand, hart en hand*. Dit vind plaas by Gemeente Wapadrant. Meer inligting sal vroeg in die nuwe jaar beskikbaar wees.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 13 Januarie 2012**, en word hartlik geluk gewens.

Donderdag 1 Desember:	Prof Yolanda Dreyer en ds At van den Berg (emeritus)
Vrydag 2 Desember:	Ds Kalla Fourie (Krugersdorp-Noord)
Saterdag 3 Desember:	Drr Sanrie de Beer (Philadelphia) en Willem Smith (Parys)
Donderdag 8 Desember:	Prof Theuns Dreyer (UP) en ds Susan Oosthuizen (beroepafwagtend)

o	Vrydag 9 Desember:	Ds Thomas Dreyer (emeritus)
o	Sondag 11 Desember:	Di Johan Bezuidenhout (Rustenburg Jac van Belkum), Daan Smit (beroepafwagtend) en dr Gerhard Nel (Horison Roodepoort)
o	Maandag 12 Desember:	Ds Martin Fouché (Goudveld)
o	Dinsdag 13 Desember:	Ds Johan du Preez (Van der Hoff) en prop Annézel Otto
o	Donderdag 15 Desember:	Ds Gawie Wolmarans (Oostelike Pietersburg)
o	Vrydag 16 Desember:	Di Johan du Toit (emeritus), Johann Marnewick (Johannesburg-Wes), Martin Meyer (Secunda) en Charlene van der Merwe (beroepafwagtend)
o	Sondag 18 Desember:	Ds Ogies du Plooy (emeritus)
o	Maandag 19 Desember:	Ds Marius Venter (siekte-emeritaat)
o	Dinsdag 20 Desember:	Ds Peet Swanepoel (Derdepoort)
o	Donderdag 22 Desember:	Ds Jan van Staden (Bronkhorstspruit)
o	Vrydag 23 Desember:	Ds Phillip Horn (Louis Trichardt)
o	Woensdag 28 Desember:	Di Eddie Eckard (Messina/Van Warmelo) en Corlien van der Merwe (Hartebeestpoort)
o	Donderdag 29 Desember:	Ds Phillip Prinsloo (emeritus) en dr Piet van Staden (emeritus)
o	Maandag 2 Januarie:	Di Dirk du Toit (emeritus) en Anneke Viljoen (Pinetown)
o	Woensdag 4 Januarie:	Dr Kobus Labuschagne (emeritus)
o	Donderdag 5 Januarie:	Dr Christo Pretorius (Pretoria)
o	Vrydag 6 Januarie:	Ds Hennie Louw (Kampersrus)
o	Maandag 9 Januarie:	Ds Ivan Katzke (Bloemfontein)
o	Dinsdag 10 Januarie:	Ds Jan Kay (Utrecht/Vryheid)
o	Donderdag 12 Januarie:	Di Annerie Conradie (Culembeeck) en Dawie Jacobs (Lichtenburg-Oos)
o	Vrydag 13 Januarie:	Dr Frikkie Labuschagne (Sinodaal)

Boodskap vir Wêreldvigsdag 1 Desember

Donderdag 1 Desember is Wêreldvigsdag (WVD). Hierdie dag is 'n herinneringsgeleentheid, maar ook 'n bewusmakingsgeleentheid waarin die kerk besef dat ons nie met toe oë om ons kan kyk nie. Dit is 'n geleentheid om te ontwaak uit ons ontkenning en vooroordele en agterdog en onkunde oor die siekte en die gevolge daarvan vir elkeen van ons.

Blaai 'n mens deur die webblad van CABSA, wys die Vigsklok dat elke 6 en 'n half sekondes iemand geïnfekteer word en elke 10 sekondes iemand sterf (**www.cabsa.org.za**). Die getal mense in ons land wat met MIV/vigs leef, het ietwat gedaal na 5,38 miljoen. Die realiteit is dat lidmate van ons Kerk deel is van hierdie getal.

Dit is ironies dat WVD plaasvind gedurende Advent, die tyd wat Kersfees voorafgaan. Die tyd waarin gelowiges in groot afwagting sit – met die getuienis dat daar vir gelowiges hoop is.

Ons moet waaksaam leef in die aangesig van die realiteite van 'n gebroke wêreld. Dit vra dat ons doelbewus sal kies om ons gesondheid op te pas en seker te maak van ons MIV-status. Dit vra van elkeen dat ons 'n verantwoordelike leefstyl sal kies, dat ons mense se lewens sal respekteer en beskerm, ook ons eie.

Terwyl ons met groot afwagting leef, laat ons nie ons verantwoordelikheid versaak om bewus te wees en bewus te maak nie. So gee ons uitdrukking aan die groot gebod: om die Here jou God lief te hê en jou naaste soos jouself.

Ds Kathleen Smith, Kaapstad

Eredienste in Desember/Januarie

- Op Vrydag 16 Desember vind ’n **Geloftediens** soos gebruiklik by die **Voortrekkermonument in Pretoria** plaas. Dit begin om 08:30 (toegang gratis) en word vanjaar gelei deur ds Jaco Kruger van die Gereformeerde Kerk, Wapadrant. Persone wat daarin belangstel om by die Vriende van die Voortrekkermonument aan te sluit, kan Geraldine Paulsen kontak by 012 326 6770 of die webwerf besoek by **www.voortrekkermon.org.za**.

- ’n **Gesamentlike Geloftediens** word op Vrydag 16 Desember in die NG Kerk **Queenswood**, hv Webbweg en Garretlaan, Queenswood, Pretoria, gehou. Die voorafsang begin om 07:30, en die erediens om 08:00 onder leiding van dr Wouter van Wyk. Rig navrae aan oudl (prof) Peet Visser, NHKA Oos-Moot, 082 432 0220.

- Lidmate wat in die omgewing van **ATKV BUFFELSPOORT** gaan vakansie hou, kan daarop let dat die **Geloftediens** op Versoeningsdag, 16 Desember, om 09:00 in die Buffelsaal by ATKV Buffelspoort gelei sal word deur prof Johan Koekemoer. Die **Kersdiens** op 25 Desember sal ook in die Buffelsaal wees en sal waargeneem word deur ds Neels van Tonder. Die res van die vakansie-eredienste sal **Sondae** om 09:00 in die kerkgebou van **Gemeente Buffelspoort** gehou word, 2 km oos van ATKV Buffelspoort.

- **Gemeente Durban-Suid** nooi vakansiegangers om saam met hulle te kom erediens hou. **Sondae** om 08:30, **Kersfees** om 07:00. Kerkgebou op die hoek van Tara- en Beaconweg, Bluff.

- **Gemeente Kaapstad** nooi al die besoekers aan die Kaap om te kom deel in die eredienste gedurende die vakansieseisoen. **Geloftedag 16 Desember**: erediens om 09:00 in Tygerberg, ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord. **Kersfees-eredienste** op 25 Desember op **Melkbosstrand** om 09:00, asook in **Tygerberg** om 09:00. By albei punte begin die samesang om 08:45. **Oujaarsdiens** op Saterdag 31 Desember om 19:00 te Tygerberg. **Sondag 1 Januarie 2012** is die oggenddienste op Melkbosstrand om 08:45 en Tygerberg om 09:00.

- **Gemeente Strand:** Lidmate wat gedurende Desember in die omgewing van **Strand/ Hermanus** vakansie hou, kan elke Sondag om 09:00 saam met die gemeente die Here dien met woord en lied. Op **Sondag 4 Desember** word hul pyporrel tydens die jaarlikse Kerssangdiens ingewy. Daar is ook op **Geloftedag, Vrydag 16 Desember,** en op **Kersdag, Sondag 25 Desember,** om 09:00 eredienste. Die kerkgebou is op die hoek van Boschendal- en Elimstraat, Onverwacht, Strand; GPS S 341.10971 O 018.84235. Navrae aan Japie Botha (skriba) by 021 851 6351 of 083 231 6321.

Beskikbare behuising

- Daar is **verblyf** beskikbaar **binne loopafstand van die Universiteit van Pretoria**, op die kerkterrein van Gemeente Philadelphia in Hatfield. Gratis parkering, elektrisiteit en water ingesluit. Vir meer inligting, kontak Esmé by 012 362 7237 of **philadelphia@nhk.co.za**.

- **BEHUISING VIR BEJAARDE. Emily Hobhouse**, behuisingskompleks vir bejaardes in **Capital Park** (in die Capital Meander Kunsroete), het ’n **enkelkamer** beskikbaar vir ’n bejaarde wat nog **selfversorgend** funksioneer. Die kompleks is geleë teen die berg en bied ’n lieflike uitsig oor die berg se natuurskoon. Die kompleks skep ’n huislike atmosfeer, en gereelde sosiale programme word aangebied. Daar is ’n verskeidenheid dienste wat deur die tehuis aan die inwoners gelewer word, soos arbeidsterapie, vervoer na en van winkelsentrums, gaskunstenaars wat gereeld optree, ’n biblioteek en kliniekdienste. ’n Eenmalige

Emily Hobhouse

opnamefooi van R3 000 is betaalbaar, en die losies per maand is R2 105 (sluit 2 etes in, asook 1 x per week wasgoed). Vir meer inligting, kontak mev Gellie Geldenhuys by 012 323 4891/2.

- **Huis Tafelberger.** Kamer beskikbaar vir **selfversorgende bejaarde**. Huis Tafelberger is geleë in Monte Vista, Kaapstad, en is een van die tehuise van die NHSV. Navrae aan die voorsitter, mev Anna Hanekom, by 021 872 6301, of mev Joan van der Westhuizen by 021 558 6575, of ds Kathleen Smith by 021 551 5264.

- **ALLEN KERKORRELS**
  Na 40 jaar van digitale klank –
  steeds die leier in orrelbou
  Skakel ons vandag vir 'n gratis demonstrasie
  Tel 012 991 4930
  Faks 086 667 4680
  Sel 079 497 2647

Kampe

- **Gemeente Montana: Vrouekamp**
  9 tot 11 Maart 2012
  By Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Tema: *Steek 'n petunia in jou hoed en skaterlag!*
  Spreker ds Janine Bevolo-Manders
  R500 per persoon
  Vir navrae of besprekings: Jana Peenze 083 734 5426
  of **janapeenze@vodamail.co.za**

- **Eerstejaarskampe 2012**

  - **Potchefstroom-Studente: Dinsdag 10 tot Vrydag 13 Januarie**
    R800 per persoon, verblyf, etes en 'n T-hemp ingesluit
    Kontak dr Rudy Denton by 082 459 9710 of **rudy@nhk.co.za**
    of Terzie Denton by 082 475 4618 of Marle Geel by 082 861 2799

  - **Stellenbosch Hervormers Aanvangskamp 2012**
    Saterdag 21 Januarie tot Dinsdag 24 Januarie
    Kom by kerk byeen vanaf 12:00 en vertrek 13:00 na kampterrein
    Besonderhede sal gestuur word
    Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 of **stellenbosch@nhk.co.za**

  - **Philadelphia Tuks Eerstejaarskamp 2012**
    Saterdag 21 Januarie tot Woensdag 25 Januarie
    Kampterrein naby Brits
    Sluit aan by groep op Facebook "TUKS NHK Philadelphia EJK 2012"
    Registreer by **www.philadelphia.co.za**
    Bring 'n vriend of vriendin na die kamp en kry R50 afslag
    Kontak Aniena (bemarker) by 082 293 9755,
    Timo (kampbestuurder) by 083 426 3599,
    ds Martin Slabbert by 082 655 4787
    of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866

  - **Bloemfontein Kougom Eerstejaarskamp**
    Sondag 8 tot Donderdag 12 Januarie
    R660 per persoon
    Kontak ds Willem Dykema by 082 560 4772
    of Giselle Fourie (kampvoorsitter) by 082 649 6527

- **KOTHUIS OP SANDBAAI**
  Kom ontspan op rustige, pragtige Sandbaai slegs 5 km van Hermanus
  Ruim, gemaklike 1-slaapkamer selfsorg kothuis met see-uitsig
  Geskik vir 2 tot 4 persone met dubbelbed in kamer
  en dubbel-opvoubank in leefvertrek
  See- en kuspaadjie 1 blok van voordeur
  R500 – R700 per dag buite seisoen
  R600 – R800 per dag binne seisoen
  Skakel Ida Barnard by 083 594 2438

Basaars en markte

- **Vrydag 9 tot Sondag 11 Desember: Gemeente Buffelspoort: Kersmark**
  Kerkterrein, Ou Pretoriapad, Buffelspoort, Mooinooi
  Verskeie kunsitems en heerlike etes
  Navrae aan Irma by 082 788 2235

- **Saterdag 17 Desember: Gemeente Wesmoot: Christusfeesmark**
  By Makro Wonderboom
  Stalletjies teen R200 – bespreek vooraf
  Met Lance James, Rodeo Girls, Hendrik Britz en Miranda
  Toegang gratis
  Kontak Carla Greyling by 082 376 9239

- **Saterdag 28 Januarie 2012: Gemeente Nelspruit**
  Maroelafees en Buitelewe-ekspo
  By Nelspruit Rugbyklub
  In hoogseisoen van die maroela
  Van 08:00 tot laatmiddag, toegang gratis
  Gesinsvermaak
  Verskeie maroelaprodukte, geregte, resepteboeke te koop
  Woonwaens, tente, kampeertoerusting, veldvoertuie, kragopwekkers
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455 vir meer inligting

ANDER NUUS

- **Ons Tuis**, 'n artikel 21-maatskappy wat sedert 1929 dienste aan bejaardes en versorging van verswakte persone bied, het besluit om 'n **beurstoekenning** in **maatskaplike dienste** te maak. Die kandidaat sal blootgestel word aan die studieveld van gerontologie en die versorging van bejaardes. Die suksesvolle kandidaat moet gekeur wees deur die **Universiteit van Pretoria** vir maatskaplike studies. Die beurs kan vir 'n periode van een tot vier jaar toegeken word. Na voltooiing van sy/haar studie sal die beurshouer **een jaar vir elke jaar** wat die beurs toegeken is by die maatskappy werk. Die aansoekvorm kan verkry word deur 'n kort CV na **hf.otmt.org** te e-pos of te faks na 012 323 2127.

- **VAKATURE: Geregistreerde verpleegkundige**
  Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis (vir bejaardes) in Parys.
  Vereistes: Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede; vorige ervaring van die verpleging van bejaardes sal sterk aanbeveling wees.
  Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.
  Stuur CV na faksnommer 056 817 7525 of per e-pos na **amotbestuur@nhk.co.za**.
  Sluitingsdatum: 15 Desember 2011.

- **VAKATURE: Geregistreerde professionele verpleegkundige**
  Ons Tuis (tehuis vir bejaardes) in Pretoria.

Vereistes: Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede; vorige ervaring van die verpleging van bejaardes sal sterk aanbeveling wees.
Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.
Stuur CV aan matrone E Mans, faks 012 329 3626 of e-pos **otbestuur@otmt.org**.
Sluitingsdatum: 15 Desember 2011.

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  - Programbestuurder Noordwesprovinsie: Mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal 'n aanwins wees; area Rustenburg/Potchefstroom/Klerksdorp (halfdagpos).
  - Maatskaplike Werkers (7 poste): Areas Tarlton, Krugersdorp, Brakpan (2 poste), Pretoria, Potchefstroom en Vanderbijlpark.
  - Maatskaplike Hulpwerkers: Areas Klerksdorp en Brakpan.

  Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- Die **Ondersteuningsraad in Pretoria** reël twee **Kersfunksies** vir hul **behoeftige bejaardes** en **kinders** tussen 1 en 11 jaar. Enige persoon wat 'n bydrae wil maak, kan Esta Stieler kontak by 012 325 2320 / 1 / 2 / 3 / 4.

- Die **Ondersteuningsraad Nylstroom** loods vroeg in 2012 die projek ***Passie vir 'n Tassie*** waartydens hulle tasse en skoolbenodigdhede voorsien aan die behoeftige kinders in hul gemeenskap. Enigeen wat 'n bydrae wil maak, kan Henriëtte Els of Manéna Long by 014 717 3594 kontak.

- Die **Sinodale Kerkkantoor sluit** op Donderdag 22 Desember om 12:00 en **heropen** op Dinsdag 3 Januarie 2012.

- **Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**.



Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies, ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

AGTERBLAD

Die rimpeleffek van Christus se geboorte

Die Januarie/Februarie 2012-uitgawe van *Konteks* word gedurende die eerste week van Januarie aan gemeentes gepos.

In sy redaksionele berig skryf dr Wian Kloppers dat die beeld op die voorblad van ’n waterdruppel wat in water val, die betekenis van **Epifanie** op ’n unieke manier uitdruk. Dit dui op die immer bewegende en veranderlike, betekenisvormende uitkringeffek van wat hierdie tyd van die Kerkjaar vir ons inhou. Christus se geboorte is sekerlik die grootste ‘waterdruppel’ ooit: Die uitkringende rimpeleffek daarvan het vandag steeds oneindigende gevolge… Epifanie gaan oor die uitwerking van Christus se koms na ons wêreld. Die rimpels op die water het as ’n klein (dissipel)kringetjie begin, maar het mettertyd die ganse aarde in beslag geneem. Tot vandag gee hierdie uitkringende effek in elke nuwe generasie telkens nuwe betekenis.

Elke uitgawe van *Konteks* sal voortaan ’n uithaalbylaag bevat oor die werksaamhede van die verskillende ringe van die Kerk. Saam sal die bylaes ’n fotobeeld gee van die Hervormde Kerk 2012 – 2014. In hierdie uitgawe word gefokus op die **ring van Potchefstroom**.

Konteks sal ook in die toekoms ’n bylaag dra oor die **ADV**, getitel *’n Stukkie brood.* In hierdie uitgawe kan u lees oor die ADV se splinternuwe webblad, oor bejaardesorg, en oor ’n nuwe barmhartigheidsprojek wat in gemeentes Zuurfontein, Derdepoort en Wonderboompoort afgeskop het.

*** Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za** om vir 2012 in te teken en 10 uitgawes teen R140 te ontvang. Besoek **www.konteks.co.za** en lees wat in die nuutste beskikbare uitgawe verskyn.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Drr Frikkie Labuschagne en Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel